higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4

(10050314)

31 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

152Q1J2131

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPPERVLAKELEMENTE TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Frieze-tapyt	A	termoplastiese materiaal
1.1.2	Sisal	B	tong-en-groef-konneksies
1.1.3	Tapytkerfwerk	C	harde, duursame oppervlak
1.1.4	Bamboesvloerbedekking	D	styfgedraaide garing
1.1.5	Tweed	E	growwe, wolmateriaal
1.1.6	Parketvloer	F	die gewildste tapytvesel
1.1.7	Viniel	G	ekovriendelike vloerbedekking
1.1.8	Keramiekteël	H	word van die agave-plant gemaak
1.1.9	Poliëster	I	brandweerstandig
1.1.10	Nylon	J	3D-effek

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 Tapyte wat statiese elektrisiteit genereer is problematies vir elektroniese toerusting.

1.2.2 Buitemure word met bykomende isolasie gebou.

1.2.3 Spandex is 'n sterk, onbuigsame materiaal.

1.2.4 Vloerbedekking beïnvloed nie die visuele grootte van 'n vertrek nie.

1.2.5 Sagte muurbedekkings sal help om klank te absorbeer.

1.2.6 Vlekvrye staal is 'n kliniese en goedkoop muurbedekking.

1.2.7 Oordrukwerk met verskeie lae ink kan in sydrukwerk gedoen word.

Kopiereg voorbehou

1.2.8 Gebosseleerde papier beskik oor 'n opgehewe oppervlakontwerp.

1.2.9 Plafonne kan gebruik word om sterk argitektoniese stellings te maak.

1.2.10 Kleiner matte moet in 'n groot vertrek gebruik word om minder aantreklike areas te bedek.

(10 × 2) (20)

1.3 Kies die korrekte opsie uit dié wat tussen hakies verskaf word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 In 'n klein vertrek moet (groot/klein) patrone gebruik word.

1.3.2 (Aksentmatte/Los matte) is kleiner matte wat spatsels kleur bied.

1.3.3 Palmblaarpatrone kom op (Seraband/Hermanshah) -matte voor.

1.3.4 Die (stoellys/prentlys) kom net bokant die dado-area voor.

1.3.5 Die (mantel/herd) is die area aan die onderkant van 'n vuurmaakplek.

1.3.6 Hout (kan/kan nie) behandel word sodat dit brandbestand is nie.

1.3.7 Die natuurlik kleur van teëls nadat dit ongeglasuur gebak is, is (groen/rooi).

1.3.8 (Perdehaar/Varkhaar) word vir matte gebruik en is uiters slytbestand.

1.3.9 Gedrukte staalplafonne word tradisioneel (gepoleer/geverf).

1.3.10 Horisontale houtpaneelwerk sal veroorsaak dat 'n vertrek (hoër/breër) voorkom.

(10 × 2) (20)
[60]

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Beskryf die verskil tussen die volgende materiale:

2.1.1 Natuurlike materiale

2.1.2 Verwerkte materiale

2.1.3 Kunsmatige materiale

(3 × 5) (15)

2.2 Verduidelik die volgende tipes hout en hul gebruike:

2.2.1 Hardehout

2.2.2 Sagtehout

(2 × 5) (10)

2.3 Noem die areas wat in die tekening aangedui word deur slegs die antwoord langs die letter (A–E) in die ANTWOORDBOEK te skryf.



(5)

2.4 Wat is die voor- en nadele daarvan om muurpapier te gebruik? (10)

[40]

VRAAG 3

3.1 Bespreek elk van die volgende weefstyle:

3.1.1 Axminster

3.1.2 Wilton

3.1.3 Kelim

3.1.4 Geknoopte

3.1.5 Bokhara

3.1.6 Flokati

(6 × 5) (30)

3.2 Vergelyk *marmer* met *terrasso* as vloerteël. (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 By die ontwerp van 'n tradisionele Suid-Afrikaanse kombuis, beskryf die afwerkings wat vir die volgende gebruik kan word:

4.1.1 Werkoppervlakke (10)

4.1.2 Plafon (5)

4.1.3 Mure (5)

4.1.4 Vloere (5)

4.2 By die ontwerp van 'n huisteater, beskryf wat vir die volgende oorweeg moet word:

4.2.1 Kabinette (10)

4.2.2 Plafon (10)

4.2.3 Mure (10)

4.2.4 Vloere (5)
[60]

TOTAAL AFDELING B: 140
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou